# DIE OORSPRONG EN GESKIEDENIS VAN PLEKNAME IN NOORD-KAAPLAND EN DIE AANGRENSENDE GEBIEDE.

PROEFSKRIF VIR DIE GRAAD
DOCTOR PHILOSOPHIAE
voorgelê aan die
UNIVERSITEIT VAN DIE WITWATERSRAND
deur

BAREND FREDERICK VAN VREEDEN, M.A.

KIMBERLEY. Augustus 1961.

LIBRARY
Thesis

# DIE OORSPRONG EN GESKIEDENIS VAN PLEKNAME IN NOORD-KAAPLAND EN DIE AANGRENSENDE GEBIEDE.

## INDELING.


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| **DEEL I.** | | |
| INLEIDEND | ... ... ... ... ... ... ... ... | i - v. |
| HOOFSTUK I | GEBIEDSVERSPREIDING VAN DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE IN NOORD-KAAPLAND. ... | 1 - 9. |
| HOOFSTUK II | DIE AARD EN ONTSTAAN VAN DIE NAAMGEWING IN NOORD-KAAPLAND TEEN 'n HISTORIESE AGTERGROND. ... ... ... ... ... | 10 - 35. |
| HOOFSTUK III | DIE OORSPRONG VAN PLEK- EN PLAASNAME. ... | 36 - 59. |
| HOOFSTUK IV | PLEKNAME VAN SEKONDêRE AARD. ... ... | 60 - 70. |
| HOOFSTUK V | VERVORMING VAN PLEK- EN PLAASNAME ... | 71 - 80. |
| HOOFSTUK VI | DIE LEGENDE EN SAGA IN PLEKNAME - VOLKSKUNDIG. ... ... ... ... ... | 81 - 94. |
| HOOFSTUK VII | MODERNE NEIGINGS: DIE POSWESE, [illegible] EN NYWERHEIDSONTWIKKELING. ... ... | 95 - 104. |
| HOOFSTUK VIII | STAATKUNDIGE INDELING. ... ... ... | 105 - 121. |
| HOOFSTUK IX | DIE WEDERSYDSE BE[illegible]EDING VAN DIE TAALGROEPE OP DIE GEB[illegible]N DIE NAAMGEWING. | 122 - 139. |
| HOOFSTUK X | SLOTSOM EN GEVOLGTREK[illegible]NG. ... ... | 140 - 142. |
| LYS VAN KAARTE | ... ... ... ... ... ... ... | |
| LYS VAN TABELLE | ... ... ... ... ... ... ... | |
| **DEEL II.** | | |
| LYS VAN AFKORTINGS. | ... ... ... ... ... ... | 143 - 150. |
| GLOSSARIUM. | ... ... ... ... ... ... | 151 - 616. |
| ADDENDA ET CORRIGENDA. | ... ... ... ... ... ... | 617 - 623. |
| LYS VAN PLEK- EN PLAASNAME BEHANDEL. | ... ... ... | 624 - 676. |
| NAAMLYS: STRAATNAME IN NOORD-KAAPLANDSE DORPE. | ... | 677 - 686. |
| LITERATUUR EN BRONNELYS. | ... ... ... ... ... | 687 - 707. |


--ooOoo--

DIE OORSPRONG EN GESKIEDENIS VAN PLEKNAME IN NOORD-KAAPLAND EN DIE AANGRENSENDE GEBIEDE.

Die verhandeling beslaan 707 bladsye en bestaan uit twee dele waarvan Deel I oor die aard, ontstaan en oorsprong van die naamgewing in Noord-Kaapland en die aangrensende gebiede handel terwyl Deel II die Glossarium, die Naamlyste en die Literatuur en Bronnelys bevat.

Die doel van die navorsing is om 'n beeld van die naamgewing teen 'n historiese agtergrond te ondersoek en saam te vat.

I. Noord- Kaapland is 'n landsdeel waar daar oor die afgelope eeue verskeie volksverhuisings plaasgevind het en waar die betrokke rassegroepe, hetsy homogeen en/of heterogeen mettertyd mekaar oorvleuel het. Drie heterogene rassegroepe word onderskei sodat verskeie oorvleuelingsgebiede ontstaan het terwyl twee kerngebiede duidelik vorendag kom, naamlik die Middel-Oranjeriviervallei en die sentrale gebied van Griekwaland-Wes.

Hierdie kerngebiede openbaar duidelike verskille wat elk op sy beurt die patroon van die oorspronklike naamgewing aandui. So het homogene groepe, behalwe vir 'n insypeling van 'n Tswana-vertakking, in die westelike landsdeel mekaar oorvleuel terwyl oorvleueling in die ooste heterogeen was, naamlik Khoisan en Bantoe. In die westelike landsdeel van Noord-Kaapland is die patroon van die oorspronklike naamgewing dan eenvormig volgens die Khoisan-spreekwyse terwyl dit in die oostelike landsgebied gemengd is met vervormde en verdraaide name. In beide gevalle het die latere blanke oorvleueling - 'n heterogene groep - nie alleen 'n reuse bydrae tot die naamgewing gelewer nie maar ook nuwe probleme geskep deur verdere omvorming en vervaging van die oorspronklike naamgewing.

II. Die aard en ontstaan van die naamgewing van enige landsdeel berus enersyds op die volksbedrywe en andersyds op die volsaard, volksgeloof, die mitologie en die geloof van die onderskeie volks- en taalgroepe en namate hulle oor die jare heen mekaar oorvleuel en naasmekaar en deurmekaar woon daarvolgens sal die naamgewing van die betrokke streek 'n eie patroon ontwikkel wat hom van ander landsgebiede onderskei. Met ander woorde, waar oorvleueling plaasgevind het, hetsy vreedsaam (homogeen) of botsend (heterogeen) daar het beïnvloeding hom laat geld en sy stempel op die naamgewing afgedruk.

Die aard en ontstaan van die Boesmannaamgewing in Noord-Kaapland is derhalwe nie duidelik nie. Die sterkere rassegroepe wat die land binnegedring het, het hulle eenvoudig verdring en hulle naamgewing

oor die hoof gesien. Die enkele naam wat hier en daar behou is, alhoewel tot 'n mate vervorm, toon baie duidelik aan dat die Boesmannaamgewing hoofsaaklik beskrywend en plekaanwysend van aard is en die ontstaan daarvan aansluit by die leefwyse en die mitologie van die Boesman.

By die Nama en Koranna bestaan daar meer duidelikheid oor die aard en ontstaan van hulle naamgewing. Die ontstaan van die bekende plekname skakel met die volksbedrywe - boerdery met skape, bokke en veral beeste (herderskultuur), daarna met die jagbedryf en tot 'n mindere mate met volksgebeure. Aangesien hulle die droër landsdeel bewoon het, val die klem hoofsaaklik op die waterbron. Gevolglik kom watername veelal voor en word hulle uitgeken aan benamings soos /aus, !ab, //gami, xora en ≠gab (Gewestelik) naas vervormings soos komi, gams, gammi, knaus, knous, gnoos, nous beide as afsonderlike plekname of as lid van saamgestelde plekname. Hier openbaar die bekende naamgewing 'n duidelike patroon waar name met /aus, !ab, xora en ≠gab hoofsaaklik wes van die 10 duim reënvalgrens voorkom terwyl //gami in samestellings hoofsaaklik oos van dié reënval grens voorkom. Wat opvallend is, is dat //gami deurgaans betrekking het op fonteine met lopende water en duidelik 'n teenstelling vorm met die voorgenoemde vier votername waar hulle betrekking het op droë waterlope, standhoudende waterkuile, watergate en grasfwaters.

Ook by die Tswana sluit die naamgewing aan by die herderskultuur maar die aard en ontstaan daarvan het 'n breër omvang. So byvoorbeeld is 'n naam soos Thamagana 'n aanduiding van 'n vrugbare weidingstreek vir beeste terwyl verskeie plekname wat betrekking op die plantegroei en roofdiere het 'n indirekte verband met die herderskultuur het. Daarbenewens kom verskeie name voor wat hulle ontstaan by die volksaard en algemene leefwyse het. Historiese gebeure is in sommige plekname vasgelê terwyl die persoonsnaam veelal voorkom om woonplekke, nie besitreg nie, aan te dui.

Na 1800 verskyn die Griekwa- en Bastervevolkingsgroepe op die toneel: die Bastergemeenskap in die weste (Boesmanland en Gordonia) en die Griekwa in die ooste (Griekwaland-Wes). Die aard en ontstaan van hulle naamgewing sluit aan by die van die Blanke bevolkingsgroep en kan nie maklik onderskei word nie tensy die historiese agtergrond bekend is. Die Griekwa was egter tweetalig. Hulle Khoisan-spreekwyse het nie alleen dialekties verskille aangetoon nie maar die uitspraak daarvan het met die van die Koranna verskil. Die gevolg was dat oorspronklike Koranname aangepas of vervorm is. Gevolglik het ook nuwe betekenisse vir hierdie name ontstaan soos in die geval van Kamigap, Jorgais en Dynap.

Die aard en ontstaan van die blanke naamgewing is deurgaans duidelik en selfverklarend behalwe waar nuwelinge en veral die Engelssprekende volksdeel 'n voorliefde vir die uitheemse naam het

waardeur hulle 'n sterk verbondenheid aan die land van herkoms openbaar, maar algaande en namate bodenständige faktore hulle laat geld, openbaar die naamgewing by die nuwelinge 'n verandering na wat Suid-Afrikaans is.

By die Blankes is die persoonsnaam as 'n pleknaam van besondere belang. Dit is enersyds 'n openbaring van die volksaard waar persone, leiers en vooraanstaande persone vereer word en andersyds 'n aanduiding van besitrog - 'n neiging wat ook by die Baster- en Griekwa-gemeenskappe, weens hulle Westerse beskawingspeil, aanwesig is.

By al die volksgroepe is die aard en ontstaan van die naamgewing eensoortig in dié sin dat dit voortspruit uit die volksbedrywe, volksaard, volksgeloof en geloof (Bybelname) en plekname van algemene aard met dien verstaande dat verskille bestaan namate die volksgroepe verskille volgens hulle ontwikkelingspeil openbaar, belange in verskillende rigtings ontwikkel, 'n verbondenheid aan die land van herkoms openbaar en 'n tradisionele leefwyse navolg.

III. Die oorsprong van 'n pleknaam is deurgaans 'n taalsaak waar dit aansluit by die spreekwyse van die taalgroep toe die naam geskep is. In Noord-Kaapland word die volgende taalgroepe onderskei: Khoisan, Tswana, Afrikaans, Engels en in die aangrensende gebied van Suidwes-Afrika, Duits. Dialektiese verskille by die inboorlingtale bemoeilik nie die bepaling van die oorsprong van 'n naam nie alhoewel dit die bepaling van die juiste betekenis van so 'n pleknaam soms vertroebel.

Plekname in Noord-Kaapland het hulle oorsprong by een van bogenoemde taalgroepe behalwe waar met die uitheemse naam gehandel word. Waar vervormings en verdraaide plekname voorkom word die bepaling van die oorsprong daarvan bemoeilik veral waar sommige uitheemse name voorkom wat veelal op inboorlingname lyk byvoorbeeld Echuga en Ypelo.

Die uitheemse naam as sodanig bring ook heelwat probleme mee. Enersyds is sulke name vreemd aan die Afrikaanse volksaard en andersyds is baie van hulle persoonsname byvoorbeeld Wellington, Marlborough en talle ander. In sulke gevalle is die oorsprong onduidelik tensy die historiese agtergrond bekend is waarvolgens so 'n naam as 'n persoonsnaam uitgeken word of waar die oorsprong dan by die ou tale van Wes-Europa geplaas kan word.

Om die oorsprong van plekname te bepaal is van besondere belang. Waar vervormings en omvormings bestaan, is die geskiedenis en etnologie waardevolle hulpmiddels. Aan die anderkant lewer die bepaling van die oorsprong van sulke name waardevolle gegewens om die historiese agtergrond van 'n landsdeel te verbreed en etnologiese besonderhede aan te vul.

IV. Baie van die plekname in die binneland is so oud as die veebedryf en die veepos-stelsel in Suid-Afrika. Namate die pioniers die binneland binnegetrek het, het hulle nuwe name toegeken of bestaande name aanvaar. Maar die veeboer-pionier was ook ŉ jagter. As jagter het hy die onbekende landsdele vanaf die voorposte besoek en sodoende kennis opgedoen van die plant- en dierelewe en ook in aanraking met die inboorlingrasse gekom. Gevolglik het hy, waar bekend, inboorling-plekname behou as uitkenningspunte en nuwe name aan plekke toegeken. Later namate die veeboere die binnelande verder ingetrek het, het hierdie jagtersbenamings veeposname geword, byvoorbeeld: Jagtkolk, Springbokvlei, Boomrivier, Kwaggamaag. Namate die landsdeel digter bevolk geword het, is nuwe name aan plase toegeken waar veral die eienskap van die plaas bepaal word soos Hakdoringkraal, Ysterdoringkolk, Boskloof, Opdamkolkies e.s.m. ŉ Laaste fase tree in waar die bevolking gevestigde belange het, waar plase van eienaar verwissel en waar voorsiening vir erfgename gemaak word. Die persoonsnaam word nou veelal gebruik om besitreg aan te dui of om persone te vereer terwyl die erfregstelsel (Fideicommissum ens.) die versnippering van plase in die hand werk en waarvolgens talle nuwe plaasname ontstaan soos Vadersgif, Moedersdeel, Pen, Wig, Octavo, Winkelhaak, Amperaf, Erfdeel en talle ander.

Gedurende hierdie fase ontstaan ook baie plekname wat toegeken word as <u>mooi name</u> (Fantasie) of om ŉ plek in ŉ ander landsdeel te vernoem (La Dauphine, Beaufort) terwyl die nywerheidsontwikkeling die sogenoemde moderne pleknaam bybring.

Die pionierstadia is nou verby en ŉ nuwe bedeling tree in. Nuwelinge en vreemdelinge vestig in die landsdeel en die uitheemse naam maak sy verskyning so hier en daar in die ou gevestigde streke terwyl dit groter omvang aanneem in die uitbreidingsgebiede veral waar plase uitgemeet word. Hierdie ontwikkeling kom baie duidelik voor in die naamgewing van Gordonia, Griekwaland-Wes en die distrikte van Mafeking, Vryburg en Kuruman.

V. In gevestigde gemeenskappe ontstaan mettertyd plekname wat vervorming ondergaan het veral waar sulke name aan vreemdelinge gekoppel word d.w.s. waar die naam aan die spraakmakende gemeenskap vreemd is. Sulke name word by die spraakgewoontes aangepas en ontstaan vorme soos Mellie vir Malley en Wynbak vir Whyenbah terwyl gedeeltelike of algehele vertalings voorkom. In baie gevalle gebeur dit dat ŉ vreemde naam vir die volksmens bekend klink omdat dit naby die volkseie lê. ŉ Proses van gelykmaking ontstaan dan wat onderskei word deur dit volksetimologie te noem byvoorbeeld Grasmerrie vir Grassmere en Lilyveld/Lylyveld wat bekend word as Lelieveld - die naam kry dan ŉ nuwe eie betekenis. Daarbenewens bestaan daar verskeie voorbeelde van opsetlike vervormings en verdraaiings waar ŉ

nuwe betekenis ontstaan wat komies, spottend en in sommige gevalle verkleinerend is. Mettertyd raak sulke opsetlike vervormings wyer bekend maar in die meeste gevalle is hulle slegs aan 'n geslote kring bekend en raak hukke mettertyd weer onbekend. Opsetlike volksetimologie is tydelik van aard.

Alle vervorming in die spreektaal is nie noodwendig volksetimologie nie maar in baie gevalle aanpassings soos Koedoe - koodoo - kudu, puts - putz, e.s.m.

In Noord-Kaapland word voorbeelde van aanpassings, vervormings en volksetimologie by al die taalgemeenskappe aangetref.

VI. Maar die volksmens wend ook pogings aan om vreemde en afwykende verskynsels te verklaar. Hierdie verskynsel het aanleiding gegee tot menigvuldige etiologiese vertellings. Dit geld eweneens vir die naamgewing waar vreemde, onverklaarbare plekname mettertyd aanleiding gee tot 'n etiologiese vertelling om die naam te verklaar. Voorbeelde van etiologiese vertellings om plekname te verklaar kom by al die bevolkingsgroepe voor, o.a.:

1. Tswana: Pôô Sedumanang, Ramatlabama.
2. Griekwa: Ongeluksfontein, Hongerdoring.
3. Khoisan (Boesman en Kora): Gmaap - Modderrivier.
4. Blanke: Duiwelskneukel, Blinkklip - Die legende van Postmasburg.

VII. In 'n gevestigde gemeenskap is 'n goed georganiseerde verbindings- en vervoerstelsel onontbeerlik. Om te verseker dat die versending van posstukke en vraggoedere die afleweringspunt bereik word daar gepoog om duplisering van name te voorkom. Gevolglik word bestaande name verkort of van voor- en agtervoegsels voorsien, samestellings word met persoonsname gevorm en in baie ander gevalle ontstaan nuwe name. Op Nywerheidsgebied ontstaan die neiging weer om die name van die betrokke maatskappye te verkort soos Ulco, Norlim, Glosam, e.s.m. Hierdie afdeling in die naamgewing van Noord-Kaapland en elders in Suid-Afrika openbaar baie duidelik moderne neigings waar die name doelbewus saamgestel word om 'n praktiese doel te dien.

VIII. Die staatkundige indeling van Noord-Kaapland het nie alleen nuwe name bygebring nie maar die bestaande name erken. Van die eerste name wat erkenning ontvang het was Griekwaland-Wes, Stellaland, Gosen en Brits-Batswanaland. Daarna volg bekende name as distriksname naas nuutskeppinge soos Herbert, Hay en Kimberley. Dorpe wat ontstaan het, het mettertyd erkenning ontvang en dorp en/of munisipale verkry terwyl daar in later jare plekke as dorpe geproklameer is t.w. Stella en Piet Plessis.

Die ontwikkeling van dorpe het 'n nuwe afdeling in die studie van die naamkunde bygebring naamlik die aard en ontstaan van

straat me. In die Noord-Kaaplandse dorpe bestaan daar 'n kleurvolle verskeidenheid straatname - persoonsname, waar vooraanstaande persone en burgemeesters vernoem is, naas name wat betrekking het op die plant- en dierelewe, historiese gebeure, bodemgesteldheid en die topografie.

IX. Naamgewing is deurgaans 'n taalsaak gesien teen 'n volkskundige en geskiedkundige agtergrond. Die pleknaam is derhalwe 'n natuurlike verskynsel by die volksmens om te beskryf en te bepaal. Waar 'n geïsoleerde gemeenskap voortbestaan sal die naamgewing dit duidelik openbaar maar waar vreemde volksgroepe en taalgroepe mekaar oorvleuel en oor 'n aantal jare naasmekaar en deurmekaar woon, daar sal wedersydse beïnvloeding intree en mettertyd in die naamgewing weerspieël word.

In Noord-Kaapland word verskeie tale gebesig, naamlik Khoisan, Tswana, Afrikaans, Engels en in Suidwes-Afrika Duits. Die ontleding van die naamgewing in dié landsgebied het dit duidelik aan die lig gebring dat wedersydse beïnvloeding by al die taalgroepe (spraakgemeenskappe) plaasgevind het.

Elke taalgroep het sekere benamings wat spesifiek in pleknaamsamestellings gebruik word om te omskryf en nader te bepaal. Dit is opvallend dat hierdie benamings by die Afrikaanssprekendes dieper in die Afrikaanse bodem wortel as die van die Engels- en Duitssprekendes. Dit is verstaanbaar daar die Afrikaanssprekendes die oudste blanke groep in die land is en oor die jare heen en met hulle bewegings na die binnelande 'n eie pleknaam-terminologie aangepas en uitgebou het.

As gevolg van wedersydse beïnvloeding is die volgende benamings soos hulle in Duitse plekname voorkom van Afrikaanse oorsprong: Pütz, Fläche, Feld, Kopf, Pforte, Kluft, e.a. Dit geld eweneens die Engelse naamgewing, naamlik: krantz (krans), nek, eye (oog/fonteinoog), pan, poort, kloof, spruit, rant (rand), vley, kop, koppie, e.s.m. In die Afrikaanse naamgewing verskyn enkele Engelse benamings soos glen, gulley, vale en dale.

By die kleurgroepe het wedersydse beïnvloeding hom ook laat geld. Alhoewel nie so omvangryk as by die blanke groepe wedersyds nie, het Khoisanbenamings by die Basterspreekwyse in Gordonia inslag gevind en word dit weerspieël in benamings soos knaus, knous, gnoos, Kwap (Quap) e.a. terwyl die veelvuldige gebruik van <u>water</u> (//gami) in Griekwabenamings soos Vaalwater, Groenwater, e.s.m. baie duidelik Khoisan-invloed openbaar. Dit geld eweneens die blanke naamgewing veral in die weste van die landsgebied waar die Afrikaanssprekendes oor baie dekades in aanraking met Khoisansprekendes was en waar talle van hulle Khoisan magtig was. Hulle was dus vertroud met die waardes van Khoisanbenamings soos dit in verskeie plekname voorkom en mettertyd dit in hulle eie toekennings gebruik. Die gebruik van benamings soos

rivier, gorra en graafwater weerspieël die Nama gebruik van !ab en xora baie duidelik. Dit is opvallend dat die westelike landsdeel dan ook talle riviere wat droë waterlope is, het terwyl graafwater veelal voorkom.

Uiteraard is dit duidelik dat in 'n veelrassige land of streek wedersydse beïnvloeding plaasvind en in die naamgewing weerspieël word. Hierdie beïnvloeding openbaar die neiging om in sekere bane te stuur waar eenhede in die volksbedrywe homogeen is: in Noord-Kaapland veral op die gebied van die veeboerdery, die weiding (plantegroei) en watervoorsiening en daarna die dierelewe en die topografie.

# I N L E I D E N D.

# INLEIDEND.

Die doel van hierdie studie is om 'n beeld van die naamgewing in Noord-Kaapland teen 'n historiese agtergrond saam te vat.

Belangstelling in die naamgewing van Noord-Kaapland spruit voort uit besonderhede wat gedurende die afgelope paar jaar ingesamel is en veral toe die M.A.-verhandeling „Die Wedersydse Beïnvloeding van die Blanke-, Bantoe- en Kleurlingkulture in Noord-Kaapland" 1) geskryf is. Daaruit het dit duidelik geword dat die naamgewing in Noord-Kaapland byna geen aandag van pleknaamnavorsers ontvang het nie terwyl die verskillende bevolkingsgroepe diep spore in die naamgewing nagelaat het. Die begeerte het toe ontstaan om die naamgewing van dié gebied te bestudeer en in 'n verhandeling saam te vat. 2)

Daar bestaan alreeds 'n aansienlike hoeveelheid materiaal oor die Suid-Afrikaanse naamgewing wat deur verskillende skrywers oor die afgelope jare byeengebring is maar alles saamgevat verteenwoordig slegs 'n klein gedeelte van die naamgewing in ons land.

Die eerste artikel oor ons naamgewing, sover bepaal kon word, is die van J.A.Hewitt: The Topographical Nomenclature of South Africa. 3) Daarna volg 'n artikel in „Di Afrikaanse Almanak" 4) in 1894 deur 'n onbekende skrywer.

In 1914 kom C. Pettman met 'n beskeie werkie „Notes on South African Place Names" wat opgevolg word met „Place Names of the Orange Free State (1922)" en „South African Methodist Place Names (1923)". Daarna in 1931 verwerk hy al die stof van die drie werke tesame met aanvullende materiaal tot een belangrike werk: South African Place Names.

Baanbrekerswerk is ook deur C. Graham Botha gedoen in sy „Place Names in the Cape District (1917)" opgevolg deur 'n breedvoeriger studie, die bekende „Place Names in the Cape Province (1926)". Die jongste bydrae van ons Engelse skrywers is die interessante werkie van Basil Holt: Place Names in the Transkeian Territories (1959).

Ons Afrikaanse skrywers het sedert 1918 belangrike bydraes gelewer. In 1918 verskyn die boekie van Gerard Joubert: Die Oorsprong van Tweehonderd Zuid-Afrikaanse Plaatsnamen. Joubert se werk is belangrik in dié opsig dat dit die eerste poging is van 'n Suid-Afrikaanse Pleknaam-Woordeboek. Wat die inhoud aanbetref, is dit swak saamgevat terwyl die besonderhede soms vaag en ontoereikend is. In „Volk en Taal (1921)" deur S.P.E. Boshoff skryf hy oor die „Samestelling in verband met plek- en plaasname" terwyl daar uit die pen van P.J. Nienaber in 1944 twee boekies „Kom Ry Saam" Deel I en II in die „Kennis vir Almal"-reeks verskyn het.

---

1. Universiteit van die Witwatersrand, 1957.
2. Van Vreeden: Wedersydse Beïnvloeding van Kulture, p. 374.
3. Cape Monthly Magazine, XIII, Deel 75, pp. 169-175.
4. D.F. du Toit & Co., Paarl 1894.

Maar die waardevolste bydraes tot ons naamgewing vind ons in tydskrifen koerantartikels wat sedert 1928 verskyn het o.a.:
Die Tydskrif van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens (1938),
Die Tydskrif vir Wetenskap en Kuns (1940),
Die Huisgenoot,
Die Taalgenoot,
Die Burger,
Die Suiderstem,
Die Vaderland,
The South African Journal of Science en artikels van 'n meer algemene aard in
The Farmer's Weekly en die
Diamond Fields Advertiser.

Sedert Augustus 1944 het daar ook belangrike artikels oor ons naamgewing in die Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, die mondstuk van die Genootskap van Afrikaanse Volkskunde, verskyn.

In al die genoemde werke saamgevat is die naamgewing van Noord-Kaapland swak verteenwoordig en vorm dit beswaarlik vyf persent van die naamgewing van Noord-Kaapland as geheel saamgevat.

Die gebied wat as studieveld gekies is, is Noord-Kaapland benoorde die Oranjerivier wat die volgende distrikte insluit: Barkly-Wes, Gordonia, Hay, Herbert, Kimberley, Kuruman, Mafeking, Taung en Vryburg. Daarbenewens is 'n smal aangrensende strook om Noord-Kaapland bygebring naamlik die grensstrook van Wes-Transvaal en die westelike Vrystaat, die oostelike grensstrook van Suidwes-Afrika, die gebied van Batswanaland-Protektoraat langs die Moloporivier geleë en aan die suidekant die betrokke gedeeltes uit die distrikte van Hopetown, Prieska en Kenhardt (Kaart A, B en C).

Die doel waarom die aangrensende gebied bygebring is, is nie om die naamgewing daarvan volledig te behandel nie. Daarvoor is die naamgewing te omvangryk om dit alles by Noord-Kaapland te voeg. Dié aangrensende gebied dien slegs daarin om die eenvormigheid van die oorspronklike naamgewing nader te bepaal, byvoorbeeld: die Afrikaanse naamgewing van die Aroab-wyk in Suidwes-Afrika sluit kultureel aan by die van Wes-Gordonia afgesien van die latere grensbepaling. Dit is ook die geval met die naamgewing in die oostelike deel van Griekwaland-Wes en Brits-Batswanaland waar dit aansluit by die van Wes-Transvaal en die westelike Vrystaat. Dit geld ook vir die ander taalgroepe op ander gebiede. Eers na die ontdekking van diamante langs Vaalrivier en die anneksasie van Brits-Batswanaland val die naamgewing van Noord-Kaapland uitsluitelik binne sy grense en neem die naamgewing dan ook 'n nuwe patroon aan nl. die grootskaalse afbakening van plase en die toekenning van plaasname oor groot gebiede.

Die Naamlys.

Met die opstel van die naamlys is die Topo-Kadastrale Reeks Landkaarte van die Departement van Lande as basis gebruik. Daarbenewens is plekname aangevul uit topografiese kaarte en die reisbeskrywings van Wikar, Lichtenstein, Burchell, Campbell, Thompson, e.a. Met die snelle uitbreiding

van Noord-Kaapland in die afgelope paar jaar was dit nodig om die naamlys verder aan te vul. Aan die anderkant was dit egter om praktiese redes noodsaaklik om die naamlys vir verdere opnames te sluit en plekname wat na Maart 1959 bekend geword het, is nie opgeneem nie. In die verband moet daarop gewys word dat in die kort tydperk van Januarie tot Maart 1959 150 plaasname bygevoeg moes word, enersyds as gevolg van die uitmeting van plase in die voormalige Kalaharie-Wildtuin en andersyds waar nuwe plasies langs die riviere en ander waterryke plekke ontstaan het. Daarbenewens is daar 'n gedurige aanwas van plaasname in die besproeiingsgebiede waar proefhuurders eiendomsreg verkry en/of waar klein plasies aangekoop word.

Khoisanplekname.

Na 1880 is daar geen Khoisanplekname wat in Noord-Kaapland ontstaan het nie. Aan die anderkant het die bestaande Khoisanplekname oor die afgelope eeu en langer gelede heelwat omvorming ondergaan. Aangesien Khoisan as spreektaal in Noord-Kaapland selde gehoor word, het die spelling van hierdie name vaste vorm aangeneem en as sodanig is hulle in die blanke spreek- en skryfwyse ingeburger, byvoorbeeld: Prieska, Kakamas, Areachap, Ghous, Keidebees en talle ander.

Hierdie name word in hulle bekende vorm opgeneem afgesien daarvan wat die oorspronklike spelvorm ook mag gewees het terwyl die nodige afleidinge in die Glossarium bepaal word.

Bantoeplekname.

Die Bantoepleknaam binne die Bantoegebiede word nie behandel nie behalwe waar sulke name van historiese belang is of waar hulle by die naamgewing buite die Bantoegebiede aansluit, byvoorbeeld: Phiring. Daar is 'n Phiring, voorheen Piring gespel, in die Molopo-Bantoegebied, een naby Reivilo (Pering) en een naby Koopmansfontein (Pering of Wolwefontein). Al drie hierdie name word derhalwe in die Glossarium bepaal.

Spelling.

In sover dit die inboorlingnaamgewing aanbetref het ons 'n vermenging van spelvorme. Dit is duidelik dat baie van hierdie name foneties aangeteken is met die gevolg dat dieselfde naam verskillende spelvorme veral in ou reisbeskrywings het. Later met die uitmeting van plase is baie van hierdie name onveranderd as plaasnaam opgeneem en as sodanig geregistreer. Die gevolg is dat hierdie name by die spraakmakende gemeenskap ingeburger is en deurgaans 'n vaste vorm aangeneem het.

Gedurende die afgelope jare en veral sedert die verskyning van „Amptelike Plekname" (Staatsdrukker 1952) is 'n poging aangewend om die spelling van amptelike plekname d.w.s. plekname wat deur die spoorweë, padmotordienste, pos- en telegraafwese, e.s.m. in gebruik geneem is, te verbeter. Hierdie onderneming verdien aanmoediging en ondersteuning mits die verbeterde spelling nie vreemd aandoen en die historiese agtergrond skaad nie. Met ander woorde: die verbetering of verandering van die spelvorm moet rekening hou met die behoudenheid van die spraakmakende gemeenskap en die naam self moet nie buite herkenning verander word nie. So byvoorbeeld bring die verandering van die naam Taungs na Taung geen moeilikhede nie.

Aan die anderkant het ons die volgende:

Oesiep: In die sestiger jare van die negentiende eeu teken ene Norgarb, godsdiensonderwyser, die naam aan as Uisib. Na 1880 is die spelvorm Uizip en word dit as sodanig as 'n plaasnaam geregistreer. In die Unietydtafels van die Suid-Afrikaanse Spoorweë (1959) verskyn die naam as Oesiep, 'n Afrikaanse spelvorm dus vir 'n ou gevestigde Khoisannaam. Dit geld eweneens vir Goesigoestad geleë binne 'n Bantoegebied.

In hierdie verhandeling word so 'n naam soos Oesiep nie as sleutel- of vloernaam gebruik nie alhoewel die spelvorm duidelik aangestip word. Die gevestigde en ou bekende naam word deurgaans in die Glossarium gebruik, en waar 'n pleknaam nie buite herkenning omvorm of verdraai is nie word die juiste vorm tussen hakies aangegee terwyl die oorspronklike of verbeterde Khoisannaam terwille van die suigklanke in klein letters weergee word. Waar 'n Tswananaam reeds amptelik na sy spelling verbeter is, word daarmee in die naamlys rekening gehou.

Om verwarring te voorkom word die volgende metode in die naamlys en Glossarium gevolg:

Naamlys:

Bega,
Debeaghomo,
Deben. Sien Dibeng.
Gamayana,
Oesiep. Sien Uizip.
Uizip.

Glossarium:

Bega (Bêga) ......
Debeaghomo (Dibayakgomo) ...
Dibeng ...
Gamayana (Kgamanyana) ...
Uizip (/uitsib) ...

en verder die besonderhede vir elke pleknaam afsonderlik.

Die blanke naamgewing is deurgaans duidelik en behalwe drukfoute wat soms op landkaarte voorkom, is dié name in die meeste gevalle, veral topografiese name, selfverklarend. Baie van die Afrikaanse plekname het egter nog 'n Nederlandse spelvorm op die landkaarte. Bykans negentig persent van hierdie name het reeds 'n Afrikaanse spelvorm aangeneem. So byvoorbeeld bestaan die volgende spelvorme vir die naam Vooruitsig: Vooruitzig, Vooruitzicht, Vooruitzigt naas die Afrikaanse. In so 'n geval word al die name onder Vooruitsig saamgevat en word die verskillende spelvorme teenoor die betrokke name met vermelding van bron aangeteken.

Persoonsname.

Die persoonsnaam kom veelal voor in die naamgewing. As gevolg van die ontdekking van diamante en die reuse kosmopolitiese bevolking wat in Griekwaland-Wes saamgetrek het, het daar mettertyd talle plaas- en delwersname ontstaan wat na persone vernoem is. Talle van hierdie persone was

minderbekende persoonlikhede. Dit bring mee dat die pleknaam behou is maar dat die geskiedenis van die persoon self onbekend is. Daarbenewens was dit gebruiklik, veral in Griekwaland-Wes en later in Noord-Kaapland, om 'n persoon op sy van te noem terwyl die voorname selde gebruik is. Selfs in koerantverslae en proklamasies kom net die van van die persoon voor. Uitstaande voorbeelde is Delportshoop, Websterskoppie, Bruwer, Boshof, e.s.m. In sulke gevalle word die beskikbare besonderhede bygevoeg om die persoon na wie die plek vernoem is sover moontlik te kan onderskei. Dit geld ook vir Tswana- en Griekwaplekname.

# HOOFSTUK I.

## GEBIEDSVERSPREIDING VAN DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE IN NOORD-KAAPLAND.

Die Boesman.

Die Hottentotbevolkingsgroep.

A. Die Saan

B. Die Primitiewe Nama.

C. Die Koranna.

Die Bantoe.

A. Die Primitiewe Tswana.

B. Die Tswana.

C. Die Xhosa.

D. Die Basoeto (Sotho).

Die Basterbevolkingsgroep.

A. Die Griekwa.

B. Die Basters.

Die Blankes.

A. Die Jagters.

B. Sendelinge en Reisigers.

C. Die Bewoningsperiode vanaf 1828.

Oorvleuelingsgebiede.

--ooOoo--

# HOOFSTUK I

## GEBIEDSVERSPREIDING VAN DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE IN NOORD-KAAPLAND.

Die geskiedenis van Noord-Kaapland dateer uit die gryse verlede toe primitiewe bevolkingsgroepe die landsgebied bewoon het. Die eerste primitiewe groep was die Boesman, wat ŉ jagtersbestaan gevoer het. Dat hulle voorgangers gehad het in die oermense wat die Vaal-Oranjekom bewoon het, is reeds deur talryke argeologiese vondse bewys, maar of hierdie oerbewoners die voorvate van die Boesman was, is nog nie bepaal nie.

Met die oog op die naamgewing in Noord-Kaapland en die omliggende distrikte gesien teen ŉ historiese agtergrond, val die oerbewoners buite die omvang van hierdie verhandeling, en staan die aanvangspunt baie duidelik by die primitiewe Boesman.

DIE BOESMAN.

Die Boesman stamgroepe was vir baie eeue die alleenbewoners van Noord-Kaapland asook van Suid-Afrika. By benadering is bereken dat die primitiewe jagters reeds 1,000 jaar gelede in dié landsdeel aanwesig was, 1) terwyl Stow 2) van mening was dat die eerste primitiewe groepe hulle langs die Riet- en Vaalriviere gevestig het, terwyl ander vertakkings in ander rigtings versprei het. Daar is ook aanduidings dat ander stamgroepe Noord-Kaapland uit ŉ noordwestelike rigting binnegedring het. 3) Noord-Kaapland was dus een groot Boesmanland toe ander primitiewe inboorlingrasse hulle verskyning minstens 500 jaar gelede gemaak het.

As gevolg van die wye verspreiding van dié oer-bevolkingsgroep het daar mettertyd verskille ingetree waarvolgens daar in Noord-Kaapland twee afdelings van die Boesmanras onderskei word nl. die //n noord van die Oranjerivier en die /xam suid van die rivier. Daarbenewens word die //n in drie geografiese streke afgebaken en daarvolgens onderskei. Hulle was die volgende: 1. Die Rivierbewoners wat met die /xam in aanraking gekom het. 2. Die Kalahariebewoners of die bewoners van die sandveldstreke waarby inbegrepe is die stamgroepe uit Suidwes wat by die Kalahariebewoners van Noord-Kaapland aangesluit het. 3. Die bewoners van die heuwel-, berg- en hoogland streke (Kaart 1). 4)

Deur die eeue heen het die dialektiese verskille in die spreekwyse van die Boesman ingetree waardeur die ontsyfering van hulle plekname bemoeilik word. Ontsyfering kan derhalwe alleen teen ŉ historiese en volkskundige agtergrond geskied waar gegewens beskikbaar is, andersins geskied dit volgens die geografiese ligging van die plek om streekbewoning aan te dui. 5)

DIE HOTTENTOTBEVOLKINGSGROEP.

A. DIE SAAN. In 1652 het die Saan in die suidwestelike distrikte van Kaapland gewoon maar met die uitbreiding van die nedersetting aan die Kaap het hulle na hulle ou woongebiede in Suidwes-Afrika teruggekeer. 6)

1. Schapera: The Khoisan Peoples of South Africa, p. 29.
2. Stow: Native Races, p. 13.
3. Van Vreeden: Wedersydse Beïnvloeding van Kulture, p. 5.
4. Ibidem, pp. 5-7.
5. Sien Hoofstuk II.
6. Vedder: Das Alte Südwest-Afrika, p. 124.

Mettertyd het vertakkings van die Saan in Wes-Gordonia rondgeswerf en ander het langs die Oranjerivier ooswaarts beweeg 1) waar hulle met die Boesmangroepe langs die rivier in aanraking gekom het. Daar hulle jagters en versamelaars was, het hulle mettertyd met hierdie Rivierbewoners verbroeder. Hanto, die Korannakaptein, 2) het verklaar dat hulle tydens hulle noordwaartse beweging Barwa (Hottentot-Boesmans) langs die Gariep (Oranjerivier) in die omgewing van Prieska teëgekom het. Dreyer en Meiring meen dat die skedels (Klaare Kraal) wat hulle naby die Aughrabies opgegrawe het, die van die Saan is. 3)

Alhoewel die verspreiding van die Saan nie noukeurig bepaal kan word, bestaan daar geen twyfel dat hulle tot grens oos van Prieska deurgedring het nie (Kaart 2). Hulle woongebied word derhalwe tot die Middel-Oranjevallei beperk. 4)

B. DIE PRIMITIEWE NAMA. In die spore van die Saan het die primitiewe Nama gevolg. Hulle was hoofsaaklik beesboere. Hulle beweging ooswaarts in die vallei van die Oranjerivier was nie 'n gesamentlike trek nie, maar 'n stelselmatige uitbreiding na die ooste. Die gevolge was dat hulle die gevaarlike bergagtige rivieroewers van die Oranjerivier tussen Coboopsfontein en Renosterkop vermy het en gebruik gemaak het van fonteine en graafwaters suid van die Oranjerivier. Hierdie fonteine en graafwaters het in die loop van jare sleutelpunte in hulle oos-wes bewegings geword waardeur 'n vaste roete daargestel is. Dit kan as een van die oudste veeboer trekroetes in Noord-Kaapland beskou word.(Kaart 3). 5)

Volgens die verspreiding van Namaplekname in die Oranjevallei het die primitiewe Nama tot sover as Uizip oos van Upington deurgedring (Kaart 2). Ander Namasprekendes het later, as gevolg van die moord- en rooftogte van die Afrikaner Hottentotte en ander veglustige stamme, die hoogvlakte van Suidwes-Afrika verlaat en 'n verblyf gevind in die valleie van die Aoub- en Nosobriviere en in die benede-loop van die Moloporivier. Hulle het dan ook name aan verskeie fonteine, waterbronne en ander topografiese voorwerpe gegee.

Volgens die verspreiding van Namaplekname het die Namasprekendes 'n groot landsoppervlakte bewoon; die hele vallei van die Oranjerivier ooswaarts tot by Uizip; die hele gebied wes van die lyn Upington-Witdraai, die Nosobvallei en Geiab (Unie-end).

C. DIE KORANNA. Die Koranna het die Oranjerivier teen ongeveer 1770 bereik. Enkele groepe moes die rivier in die omgewing van Kakamas - Keimoes voor 1770 bereik het. Drie hooftrekke word onderskei: 1. Die oostelike trek wat die Oranjerivier tussen Hopetown en Douglas oorgesteek het. Daarna het hulle die Vaalrivier by Guahanop (Douglas) waar hulle met die Boesmanbewoners van die omgewing gebots het, oorgesteek en vir 'n geruime tyd by Iab (Campbell) gewoon. 2. Die sentrale trek wat die

1. Van Vreeden: Wedersydse Beïnvloeding van Kulture, p. 8.
2. Arboussit-Daumas: Exploratory Tour, p. 25.
3. Dreyer-Meiring: Preliminary Report, p. 83.
4. Van Vreeden: Wedersydse Beïnvloeding van Kulture, p. 8.
5. Van Vreeden: Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, XIV, p. 26.

Oranjerivier by Prieska oorgesteek het en ŉ paar maande (?) by !ari-//ama (Griekwastad) vertoef het voor hulle verder noordwaarts beweeg het. 3. Die westelike trek wat die Oranjerivier wes van Prieska bereik het. Hierdie laaste trek het blykbaar uit ŉ aantal losstaande groepe bestaan wat die rivier oor ŉ breë front genader het. Afdelings het selfs deur Boesmanland beweeg en die Oranjerivier by Kakamas en Keimoes bereik voor 1770.

Daar bestaan ŉ teorie dat ŉ vertakking van die Koranna uit die weste al langs die Oranjerivier ooswaarts beweeg het. Tot dusver kon daar geen bewyse vom hierdie teorie te staaf gevind word nie en dit wil voorkom of die ooswaartse beweging van die primitiewe Nama met die Koranna verwar word. Daarbenewens bestaan daar sover bekend geen plekname wes van Pella wat aan die Koranna toegeskryf kan word nie. 1)

Die Koranna het nie lank in hulle nuwe woongebied vertoef nie. Die oostelike groep het Campbell verlaat en noordwaarts langs die Vaalrivier en die benede-loop van die Hartsrivier beweeg terwyl ŉ vertakking langs die Vaalrivier na Klipdrif (Barkly-Wes) getrek het. Die sentrale trek het met die Rolong gebots en daarna oor xaut (Danielskuil) na Taung getrek. Hiervandaan het hulle stelselmatig uitgebrei en die Morokaanse rante bewoon. Teen 1813 het hulle ŉ aansienlike stat by Malapitse - die huidige Fouriesgraf - gehad. 2) Daarna het hulle langs die Musimiyana-spruit gewoon en later ŉ stat by Musimiyana gehad, terwyl die hoofgroep hulle by Mamusa (Schweizer-Reneke) gevestig het.

ŉ Derde vertakking van die Koranna het ook in beweging gekom en noordwaarts tussen die Langberge en die Asbesheuwels beweeg waar hulle teen die Tlhaping by Nokaneng, noord van Witsand, gestuit het. Hier het hulle ŉ aantal jare in vrede saam gewoon maar nadat daar ŉ botsing plaasgevind het, was die Tlhaping genoodsaak om na Kuruman en Dithakong uit te wyk. Die Koranna het toe die noordelike deel van die Langberg-reeks bewoon wat bekend geword het as die Maje-a-Mokgothu. d.w.s. die berge van die Koranna of Korannaberg.

Teen 1850 het die Koranna die verste grense van hulle woongebied bereik (Kaart 4). Gedurende hierdie laaste fase van hulle verhuisingsgeskiedenis het ŉ interessante ontwikkeling ontstaan: Hulle het sterk gemeenskappe op die verste punte van hulle woongebied ontwikkel bv. 1. Wes-Transvaal, 2. Pniel-omgewing by Barkly-Wes, 3. die vallei van die Oranjerivier waar Bo- en Onder-Korannaland ontstaan het en 4. ŉ minderheidsgroep in die Korannaberge. Tussen hierdie sterk gemeenskappe het talle familie- en kleiner stamgroepe rondgeswerf waarvan sommige selfs die Oranje Vrystaat binnegetrek het. 3)

1. Van Vreeden: Aantekeninge; alleen ŉ diepgaande studie van plekname wes van Pella sal lig op die saak werp.
2. Fouriesgraf, noord van Taung, net binne die Transvaalse grens.
3. V.R.V.15, pp. 21-201 (Wikar se Berigt); pp. 222-237 (Engelbrecht: Tribes of Wikar's Journal); Stow: Native Races, pp. 267-305; Engelbrecht: The Korana, p. 1-79; Maingard: S.A. Journal of Science, XXX. pp. 579-602; Van Vreeden: Wedersydse Beïnvloeding van Kulture, pp. 10-14.

**DIE BANTOE.**

A. **DIE PRIMITIEWE TSWANA.** Die voorhoede van die Tswana het Noord-Kaapland minstens 500 jaar gelede binnegetrek. Hoe omvangryk hierdie verhuising was, kan nie bepaal word nie nog minder kan bepaal word hoeveel vertakkings van die primitiewe Tswana die gebied binnegetrek het.

Hulle het met die Boesmangroepe in aanraking gekom en mettertyd moes daar ʼn aansienlike mate van verbroedering plaasgevind het. Die gevolg was ʼn gemengde en Bastergemeenskap wat later voor die hooftrek van die Tswana moes uitwyk na die dor Kalaharie gebiede. Hulle was die Sarwa. Die agterhoede van die voortrek van die primitiese Tswana was die Digoya. Een vertakking van die groep was die BaTaung wat later by Taung gevestig het, vandaar die pleknaam Taung. 1)

Voor die hooftrek van die Tswana moes die primitiewe groepe wydverspreid gewoon het oor die gebied noord van die lyn Taung na Kuruman, Dibeng en die suidpunt van die Korannaberge (Kaart 2). Die talle klipkraaltjies by Dithakong, Delila (Takoon), Pomfret en ander plekke word dan ook aan die boumeesterskap van die primitiewe Tswana, veral die Digoya, toegeskryf.

B. **DIE TSWANA.** Die hooftrek van die Tswana het uit sterk stamgroepe bestaan. Hulle het druk op die inboorlinge van die hooftrek uitgeoefen waardeur hulle òf in eie geledere opgeneem is òf na die Kalaharie uitgewyk het. So het die Balala en die Kgalagadi dan ook hulle ontstaan gehad. Die Digoya het verdwyn behalwe diegene wat na die Bo-Vrystaat uitgewyk het.

Die hooftrek van die Tswana het bestaan uit die Rolong en die Tlharo-afskilferings van die moederstam, die Hurutshe, wat hulle vesting in Wes-Transvaal gehad het (Kaart 4).

Die Tlharo het weswaarts langs die Moloporivier beweeg. In die omgewing van die Pepani-mond en Tsabong het hulle suidwaarts beweeg en later by Dibeng en die Gamogaralaagte gewoon. Daarvandaan het hulle tot by Danielskuil uitgebrei en selfs sover as Campbell gegaan waar die voorhoede van die Tlhaping alreeds was. Die Tlharo het dan ook verskeie plekke vernoem waarvan die name tans nog in gebruik is o.a. Dibeng en Gamogara. Hulle was bes moontlik die ontdekkers van Tsantsabane vanwaar groot hoeveelhede blinkklip mettertyd verwyder is vir die maak van sebilo.

Die Rolong wat stelselmatig suidwaarts beweeg het, het afskilfering ondergaan. Die Phuduhutswana of Tlhaping wat ʼn voorhoede van die Rolong was, het selfstandig geword. Hulle het in die Hartsriviervallei suidwaarts beweeg en toe Tau, die Rolong opperhoof, hom by Taung vestig, was die Tlhaping reeds in die omgewing suid van Schmidtsdrif en Campbell. Intussen het Maidi ook van die Rolong weggebreek en hulle as ʼn afsonderlike stam, die Ba-ga-Maidi, aan die kant van die Tlhaping geskaar.

Met die noordwaartse beweging van die Koranna het die Tlhaping hulle tussen twee vyandiggesinde groepe bevind. Die Koranna van die suide en die Rolong van Taung. Gevolglik het sommige van hulle met die Koranna verbroeder

---

1. Language: Herkoms en Geskiedenis van die Tlhaping, - African Studies, I, No. 2, p. 119 - aant., 23.

**Author:** Van Vreeden Barend Frederick
**Name of thesis:** Die Oorsprong en Geskiedenis van Plekname in Noord Kaapland en die Aangrensende Gebiede. 1961

***PUBLISHER:***
**University of the Witwatersrand, Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.